



# VAN TOEKA TOT NOU... DIE NG KERK RUSTENBURG-WES

**Rustenburg** – Reeds in 1852 het die Transvaalse Volksraad in Rustenburg vergader, om verskeie belangrike besluite ten opsigte van kerk en staat te neem.

Rustenburg was selfs vir 'n tydperk die hoofstad van die Transvaalse Republiek voordat dié setel na Pretoria verskuif is.

In meer as een opsig het Rustenburg aan die brandpunt van die kerklike geskiedenis van Transvaal gestaan en die gemeenskap het reeds vroeg in Rustenburg aan hulle kerklike belange aandag geskenk.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG) Gemeente/ Moedergemeente het £4,000 en erf no. 511 met 'n turfsaal daarop vir die NG Gemeente Rustenburg-Wes geskenk. Die hoeksteen van die gemeente is op 6 Mei 1944 gelê.

Die NG Gemeente Rustenburg-Wes wat eintlik aan die Noorde van Rustenburg lê, wat as gevolg van Northam se Rustenburg-Noord gemeente maar 'Wes' gebly het, is op Saterdag 16 November 1946 gestig.

Hul eerste kerkraadsvergadering het plaasgevind op 1 Februarie 1947 in die Uitspankerksaal onder voorsitterskap van die konsulent dominee AA van Wyk van die gemeente Koster-Derby. Op die vergadering is broer W Jordaan as skriba verkies.

Die skriba is opdrag gegee om die nodige gemeentelike boeke aan te skaf en 'n bankrekening by Volkskas te open. 'n Driemankommisie is benoem om met die stadsraad te onderhandel met die oog op die verkryging van grond vir 'n kerk en 'n pastorie.

Intussen is daar elke Sondag 'n erediens in die turfsaal gehou en F van Sittert is aangestel as eerste superintendent van die Sondagskool. Die koster het tien sjielings per maand ontvang vir die skoonmaak van die saal. Aanvanklik is gemeen om voorlopig saam met die Moedergemeente nagmaal te vier, maar 'n eie identiteit was reeds aan die ontwikkel.

Doop was elke tweede Sondag van die maand en troues is op Dinsdae en Saterdae gehou.

Dominee JL Grobler word op 6 September 1947 beroep en groot was die vreugde toe hy op 5 Desember 1947 in die gemeenskap ontvang is as die gemeente se eerste leraar.

'n Huis van £2,800 is as pastorie aangekoop en onderhandelinge is met die stadsraad aangegaan op die terrein van die washuis te bekom as kerkterrein.

Hiermee is ook 'n klagstaat opgestel waarin daar by die stadsraad beswaar aangeteken word oor die vliegmasjien wat Sondae oor die kerk vlieg.

Ouderling J Kirsten skenk 'n skinkbord met nagmaalkelkies, die susters skenk 'n klavier, diaken MJ Haarhof skenk 'n nagmaaltafel en C van der Merwe skenk 'n koraal boek. Op 19 Februarie 1949 word die sketsplanne van die nuwe kerk ter tafel gelê en besluit die kerkraad om met die bouwerk te begin.

Die bouwerk het fluks gevorder en die kerkraad besluit om 'n koperslinger met die volgende artikels agter die hoeksteen in te messel:

- Die Voorligter van April 1950.
- Die kerkbode van 19 April 1950 waarin die offisiële kennisgewing van die hoeksteenoplegging opgeneem is.
- Koerant uitknipsels van die eerste sooifunksie op 28 Januarie 1950 en die hoeksteenoplegging op 1950.
- 'n Kort geskiedkundige oorsig, geskryf deur dominee JL Grobler van die ontstaan en eerste jare van die gemeente se geskiedenis.
- 'n Gedrukte program van die hoeksteenlegging.
- 'n Klein kissie met 'n eksemplaar van 1950 muntstukke sowel as 'n kroon van 1948.

Tydens die naweek van 17 tot 19 November 1950 is die kerk aan die Here gewy. Vrydag is daar basaar gehou, Saterdag was die inwyding en Sondag was daar biduur, nagmaal, nabetragting, doop en jeugdiens.

Die susters se bydrae tot die nuwe kerkgebou verdien hier spesiale vermelding. Hul het geld ingesamel vir die paadjies om die kerk, gehoortoestelle vir dowes en les bes, die orrel ten volle betaal.

'n Groot stuk van die koninkryk is met koeksisters gebou!

*Bron: Ons eerste halfeeu, Ned. Gerf.Kerk Rustenburg-Wes 1946 – 1996*



Die inwyding van die kerk in 1950.





Die binnekant van die kerk in 1950 en die kansel in 2019.





Die kerkgebou in 1950 en in 2019.

Crane Corporation
22 Cobalt Street, Rustenburg, Zinniaville
CRANE HIRE 24/7
ANTHONY PETZER: 082 849 9008
P.O. Box 6301 Oberholzer, 2502
Tel: 014 538 1461 / 018 787 2059
Fax: 014 538 1431 / 018 787 3416
E-mail: anthonyp@cranecorp.co.za